# Onderstebo Lewe

# Deel 1 – Twyfel Omstandighede

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Wat is een van die grootste verandering in jou kinderjare wat jy vandag nog kan onthou? Hoekom het dit so groot invloed op jou gehad?**

**Watter dinge wat tans aangaan in die wêreld skep die meeste verwarring en twyfel in jou lewe? Verduidelik.**

**Hoekom dink jy het verandering in omstandighede so 'n groot invloed op ons emosies?**

**Hoekom gebeur dit dat ons geloofslewe ook beïnvloed word deur ons omstandighede?**

**Watter gevaar hou dit in as die welstand van ons geloof deur ons omstandighede bepaal word? Hoe kan ons keer dat dit gebeur?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Lees Hebreërs 11:1. Hierdie vers gee 'n definisie van geloof. Hoe sal jy geloof in jou eie woorde definieer?**

**Word daar enige iets gesê van omstandighede in hierdie definisie wat vervat is in Hebreërs 11:1? Hoekom dink jy is dit om dit raak te sien?**

**Lees Hebreërs 11:13, 39-40. Hierdie mense (in Hebreërs 11) word almal gesien as geloofshelde en tog het hulle omstandighede nie altyd ooreengestem met wat hulle glo nie? Hoe dink jy is so tipe geloof moontlik?**

**In watter mate word JOU geloof deur jou omstandighede bepaal?**

**Lees Matteus 11:6. In die preek is daar na hierdie woorde van Jesus verwys. In watter mate het jou omstandighede jou laat begin twyfel in God se werking?**

**Wat dink jy kan 'n mens doen om nie te begin twyfel in God wanneer jou omstandighede deurmekaar is?**

**Op watter manier kan julle as groep mekaar help om nie te begin twyfel wanneer omstandighede moeilik raak?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**